"Ek is die Here, Ek het die reg lief, Ek haat roof en misdaad." Jes 61:8

Die agtste gebod

JY MAG NIE STEEL NIE

—deur Peter Hammond

Die Agtste Gebod druis in teen die hedendaagse tydsgees van diefstal. Niemand is heeltemal vry te spreek van die een of ander vorm van diefstal nie. Onlangse navorsing dui daarop dat drie uit elke tien aspirant-werknemers erken dat hulle van hulle vorige werkgewer gesteel het!

Navorsing bewys verder dat:

- 22% werkers voel dat dit 'soms geregverdig is' om van hulle maatskappy te steel
- 33% werknemers het erken dat hulle valslik voorgegee het om siek te wees en tog betaling aanvaar het vir die dae waarop hulle werkgewers steel deur die ooreenkoms te verbreek om sekere vasgestelde ure teen 'n bepaalde salaris te werk. Hulle kom laat, gaan vroeg huis toe en werk net wanneer daar toesig is. Hulle hou nie by die hoeveelheid werk wat in 'n week verrig moet word nie.

Wanneer hulle egter aan die einde van die maand minder betaal sou word as dít waarop ooreengekom is, sal hulle hoogs ontevrede wees. Is dit nie ook diefstal nie? Jy verwag 100% vergoeding vir 40% werkverrigting! Laksheid is ook 'n vorm van diefstal. Ons besteel mense as ons minder doen as waaroor ons ooreengekom het.

Die Agtste Gebod druis in teen die hedendaagse gees van diefstal. Niemand is heeltemal vry te spreek van een of ander vorm van diefstal nie.

van diens af was

- Een derde van alle studente het erken dat hulle in 'n eksamen sou kul indien hulle seker kon wees dat hulle nie uitgevang sou word nie
- Een uit elke sewe gegradueerdes bly in gebreke om hulle universiteitslenings te vereffen.

'n Opname van 'n aantal groot organisasies het aan die lig gebring dat die gemiddelde werknemer ses weke per jaar van sy werkgewer steel deur gereeld laat te kom, uitgerekte etenstye te neem, ekstra tyd vir koffie- en teeverposings te neem, en deur pligversuim. Dit alles beloop miljarde wat elke jaar vir die ekonomie verlore gaan.

Diefstal by die werk

Daar is baie mense wat van hulle maak. Volgens kleinhandelaars in Suid-Afrika verloor hulle elke jaar miljarde rande as gevolg van winkeldiefstal, en selfs nog meer as gevolg van 'binnekring' – diefstal deur werknemers.

Skynheiligheid en bedrog

Diefstal is deurtrek van hoogmoed, bedrog en skynheiligheid. Diewe, swendelaars en mense wat bedrog pleeg, is skynheilig. Hulle sou nie wil hê dat iets van húlle of hulle kinders gesteel moet word nie. Tog stel hulle hulself arrogant genoeg bo die mees basiese wette van die samelewing. Hulle verwag dat hulle eie »

Diefstal oor die hele spektrum

Die oorsaak van ongeveer een derde van alle sakebedrywe wat jaarliks te gronde gaan, is diefstal deur werknemers. Wanneer sakeondernemings sluit, verloor werknemers hulle werk en ly hulle gesinne daaronder, en dít omdat die helfte van alle werknemers hulle aan diefstal skuldig

Die agtste gebod

JY MAG NIE STEEL NIE

Het jy al ooit te vinnig gery? Het jy al ooit rommel gestrooi? Onnodige persoonlike oproepe by die werk gemaak? Stilgebly as die kassier te veel kleingeld gee?

gerief en besittings beskerm moet word, maar hulle belieg, besteel en verkul ander.

'n Gevoellose misdaad

Diefstal is 'n ongevoelige misdaad, omdat die dief min gepla is oor die uitwerking wat sy misdaad op die beroofde het. Die uitbuiter wat buitensporige huurgeld vra, is oënskynlik min gepla oor die swaarkry wat dit vir sy huurder veroorsaak. Die mens wat foutiewe produkte verkoop, gee nie om hoeveel probleme sy bedrog die koper kan besorg nie.

Christen-wees vereis van ons om die tweede myl saam te loop, die smal weg te bewandel en wat ons in die verlede verkeerd gedoen het, reg te stel. Dit sluit in restitusie vir diefstal wat ons gepleeg het.

Wydverspreide diefstal

Volgens 'n onlangse opname van 500 produkte is bevind dat ongeveer 50% produkte minder inhoud bevat as wat op die etiket aangedui is. Byvoorbeeld, 'n houer met 100 hoofpyntablette het in werklikheid slegs 60 bevat!

'Dial-a-Porn'

Toe Telkom '087Dial-a-Porn' geloods het, het Ou Mutual gevind dat hulle telefoonrekenings binne een maand met meer as R5 miljoen gestyg het! Op daardie tydstip was daar ongeveer 5 000 werknemers by Ou Mutual se hoofkantoor.

As ons aanneem dat ongeveer die helfte van Ou Mutual se werknemers werkstelefone gebruik het om '087Dial-a-Porn' te skakel, beteken dit dat die gemiddelde werknemer in slegs een maand R2 000 se ongemagtigde oproepe gemaak het! Hierdie mense het die Sewende sowel as die Agtste Gebod oortree.

Hoekom steel so baie mense?

In 2007 is daar 395 296 sake van winkeldiefstal en 'kommersiële misdade' by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aanhangig gemaak. Binne 'n enkele jaar is daar 14 201 motorkapings, 1 245 vragmotorkapings en 77 984 publieke rooftogte aangemeld. Wat het hierdie diefstalpandemie veroorsaak?

Sommige meen dat armoede diefstal veroorsaak, maar van die wêreld se rykstes het hulle al aan diefstal skuldig gemaak en baie bedorwe kinders uit welvarende gesinne raak by winkeldiefstal betrokke. In teenstelling daarmee is daar miljoene arm mense wat nooit steel nie. Selfs gedurende die Groot Depressie, toe miljoene gesinne brandarm was, het Godvresende mense hulle nie aan diefstal skuldig gemaak nie.

Die Bybel beantwoord hierdie vraag in Prediker 8:11: *"Omdat die verkeerde daad nie meteens gestraf word nie, hou mense eenvoudig aan om verkeerd te doen."* In Suid-Afrika het die toestand só versleg dat ons spesiale veldtogte en TV-reekse loods om die bevolking die basiese beginsels te leer. Sommige winkels het selfs prominente plakkate aangebring, waarop staan: "Winkeldiefstal is 'n misdaad!" 'n Mens sou dink dat dit tog vanselfsprekend is, maar te veel mense sien eenvoudig niks verkeerd met blatante diefstal nie.

Verskonings

Daar is 'n menigte verbeeldingryke verskonings waarmee mense hulle diefstal probeer regverdig:

"Ek het hard gewerk, en ek het nie billike vergoeding vir my pogings ontvang nie."

"Ek het dit méér as hulle nodig."

"Ek kan dit nie verhelp nie."

"Hulle waardeer dit nie, ek sal."

Hierop reageer die Here met net vyf woorde: *"Jy mag nie steel nie."* Eks 20:15. Die Here het vir ons almal die grense bepaal.

Was jy al skuldig?

Het jy al ooit iets gesteel? Het jy al ooit iets gevat wat nie aan jou behoort nie? Het jy goed geleen wat jy nie terug gegee het nie – maande of jare lank? Het jy sonder toestemming die werk se telefoon vir persoonlike en privaat oproepe gebruik? Indien wel, is dit diefstal! Ek is aan diefstal skuldig as ek sonder toestemming iemand anders se telefoon gebruik en sy rekening opjaag. Dit is soos om geld uit sy beursie te neem. Dit is ook een van die maklikste maniere om te steel.

Morsjorse en luiheid

Rommelstrooi is ook 'n oortreding van die Agtste Gebod. Ons steel ander mense se tyd, omdat hulle moet skoonmaak waar ons gemors het. Ons bemors ander mense se eiendom deur ons ongeërgheid. As ons aan ander doen soos ons wil hê hulle aan ons moet doen, moet ons nie morsjorse wees nie. Die Agtste Gebod vereis van ons om ander se eiendom te respekteer.

"Die skuldoffer wat deur dwase gebring word, maak hulle bespotlik; mense wat opreg lewe, geniet die guns van God."
Spr 14:9

Diefstal deur die regering

Regeringsbeleid kan ook diefstal wees. Wanneer God se Wet bepaal: *"Jy mag nie steel nie…jy mag nie begeer nie…"* word privaatbesit daardeur verskans. Sosialisme is gewettigde diefstal en institusionele afguns. Enige belasting van 10% of hoër, word in die Skrif as onderdrukkend beskryf (1 Sam. 8:10-18). Enige belasting op eiendom of erflatings word volstrek verbied (1 Kon. 21:3).

Instellings en individue wat voltyds in diens van die Here is, mag nie belas word nie (Esra 7:23-24). Diegene wat die Here voltyds dien, word deur die vrywillige gawes onderhou van mense wat rééds belasting betaal het. Om geld wat aan die Here se diens toegewy is, te belas, is om van God te steel. Enige ongelyke of progressiewe belastingstelsel word uitdruklik in die Skrif verbied (Eks 30:14-15; Lev 19:15).

Diefstal deur inflasie

Bybelse ekonomiese beginsels verbied bedrieglike weegskale (ongesteunde geldeenhede) en maatstawwe (inflasie). Lees Levitikus 19:35-36; Spreuke 11:1; 20:10; Amos 8:5-7; Miga 6:11-12. Inflasie knou pensioene en steel spaargeld. Dit is verskuilde belasting. Regerings wat belastings verhoog sonder om gelykwaardige dienste te lewer, is ook besig om te steel.

Om van God te steel

Die profeet Maleagi het geskryf dat mense wat nie hulle volle tiende en offergawes aan die Here gee nie, Hom besteel. *"Sal 'n mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My. Julle vra; 'Waarvan beroof ons U?' Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle My beroof; die hele nasie doen dit. Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in My huis kan wees, en toets My hierin, sê »*

Die vele aangesigte van diefstal

Diefstal sluit ook in: regeringskorrupsie, inflasie, buitensporige belastings, wanbetaling van lenings, onbetaalde rekeninge, kullery met toetse, leeglê by die werk, bedrog met inkomstebelasting, om siekverlof te neem as jy nie siek is nie, onwettige aflaai of kopiëring van sagteware, en om God van die tiende te beroof.

Die agtste gebod

JY MAG NIE STEEL NIE

die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie." Mal 3:8-10.

Diefstal is kortsigtig

Diefstal kan die dief slegs 'n kort rukkie bevoordeel. Ons Skepper en Ewige Regter sien alles wat ons doen. Gevolglik sal niemand met diefstal wegkom nie. God se straf oor onboetvaardige diewe sal 'n ewigheid duur.

Restitusie

In gevalle van diefstal, brandstigting en kwaadwillige beskadiging van eiendom, vereis die Bybel restitusie. Restitusie behels die terugbesorg of herstel aan die regmatige eienaar van wat geneem of vernietig is. Dit sluit in: vergoeding vir beserings, of skade aan eiendom. Die Bybel bepaal dat die slagoffer van misdaad die enigste begunstigde van restitusie is. Restitusie word ook vereis vir strafbare nalatigheid.

"'n Dief moet ten volle vir sy diefstal vergoed. As hy niks besit nie, moet hy vir die waarde van die gesteelde goed verkoop word. Wanneer 'n man sy vee laat wei en hulle nie oppas waar hulle wei nie, en hulle loop en wei in die land of wingerd van 'n ander, moet hy met die opbrengs van sy beste land of wingerd daarvoor vergoed. Wanneer 'n man onkruid aan die brand steek, en die vuur vang die rye gerwe of die ongesnyde graan of die land van 'n ander, moet die man wat die brand begin het, ten volle daarvoor vergoed." Eks 22:3-6.

God se Wet is ondubbelsinnig: Die misdadiger is aanspreeklik en hy is verantwoordelik om vir sy misdaad te betaal. Hy moet werk sodat hy geldelik, of met goedere, kan vergoed vir wat hy gesteel, beskadig of vernietig het.

"As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien, dan sal hy iets hê om vir die armes te gee." **Ef 4:28**

Saggeus is 'n goeie Bybelse voorbeeld van iemand wat restitusie gedoen het. *"Maar Saggeus het opgestaan en vir die Here gesê: 'Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.' Daarop sê Jesus: 'Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is 'n kind van Abraham.'"* Luk 19:8-9.



Herstel deur berou

Sondevergifnis is nie 'n plaasvervanging vir restitusie nie, maar eerder die onderbou daarvan. Vergifnis van sonde is nie 'n herdefiniëring van sonde nie. Ons is vergewe – bevry van die skuld en straf van sonde – sodat ons kan doen wat reg is. Vergifnis is nie 'n dekmantel vir sonde nie, dit is die oplossing vir sonde. Vergifnis dra nie eiendomsreg aan die dief oor nie.

Toe God beveel het: "Jy mag nie steel nie…jy mag nie begeer nie…" het Hy privaatbesit van eiendom bevestig en geseën. 'Die mens het nie die reg om af te skaf wat God verorden het nie – nie die huwelik as instelling, of die besit van privaateiendom nie.

Diefstal is nie net 'n oortreding teen die slagoffer nie, dit is 'n sonde teen God. Dit is 'n verbreking van Sy Wet. Berou oor sonde en restitusie is onafskeidbaar. As sonde skade aan, of diefstal van die eiendom van ander behels, is restitusie noodsaaklik vóórdat vergifnis ontvang kan word. Genade maak ware berou moontlik; dit sluit nie die noodsaaklikheid van restitusie uit nie. Ons Here en Verlosser, Jesus Christus, het geregtigheid lief. Diefstal is ongeregtigheid.

Jesus Christus het nie aan die Kruis gesterf sodat ons ander mense se eiendom kan steel en daarmee wegkom nie. Moenie rus voordat jy terugbesorg het wat jy geleen het nie. Vergoed vir wat jy beskadig of gebreek het en betaal daardie ongemagtigde telefoonoproepe. Dit is die restitusie wat die Bybel van ons eis.

Regeringskorrupsie is ook diefstal, asook buitensporige belastings, die versuim om lenings te delg, leeglê by die werk, onwettige aflaai van musiek, en nog meer…

het deur die jare baie van dié edelgesteentes gesteel. Hy het 'n baie mooi huis en 'n gerieflike lewenstyl gehad, maar toe kom hy tot bekering en ontdek die belang van restitusie. Hy het sy wandade aan die owerhede gaan bely.

Om ons skuld terug te betaal

Al is hy nooit uitgevang nie, en al was hy nie meer in die myne werksaam nie, het hy begin met die lang en pynlike proses om alles wat hy gesteel het, terug te betaal. Dit was 'n groot opoffering, maar die Here het hom ryklik geseën. *"Die skuldoffer wat deur dwase gebring word, maak hulle bespotlik; mense wat opreg lewe, geniet die guns van God."* Spr 14:9.

'n Kragtige getuienis

Ek weet van 'n ander broeder, Lawrence Temfwe, wat die hoof van 'Prison Fellowship' in Zambië is. Terwyl hy 'n klerk by Standard Bank was, het hy baie geld gesteel. Hy is gevang en tronk toe gestuur, waar hy Christus aangeneem het.

Nadat hy sy tronkstraf uitgedien het, het hy gewerk om aan Standard Bank terug te betaal wat hy van hulle gesteel het. Daar was geen wetlike verpligting op hom nie – hy het immers sy tronkstraf uitgedien, maar as Christen wou hy restitusie doen. Stel jou die verbasing voor toe hy alles wat hy van die bank gesteel het, terugbetaal het! Wat 'n kragtige getuienis.

"[As die goddelose] die goed terug [gee] wat hy as waarborg vir skuld gevat het, en hy betaal terug wat hy geroof het, en hy lewe volgens die voorskrifte wat lewe gee en hy pleeg nie onreg nie, sal hy lewe…Al die sonde wat hy gedoen het, sal hom nie toegereken word nie; hy laat nou reg geskied en hy doen reg…" Eseg 33:15-16.

Die berouvolle dief

Deur die genade van God was die dief wat langs Jesus gekruisig is, een van die eerstes wat die vrug van Sy verlossing deelagtig geword het. Hy het in berou na Jesus gedraai en gevra: *"Jesus, dink aan my wanneer U in U koninkryk kom."* Ons Here het geantwoord: *"Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."* Luk 23:42-43.

Die Here se Woord kom vandag na elkeen van ons: *"As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien, dan sal hy iets hê om vir die armes te gee."* Ef 4:28. ■

DR. PETER HAMMOND *is 'n pionier van sendingwerk in Mosambiek, Angola en Soedan. Hy is die outeur van 'The Ten Commandments – God's Perfect Law of Liberty'. Skakel: 021 689 4480; of www.frontline.org.za*